Rosendal

waar niks jou sal ontbreek nie

Die landskap om Rosendal met die Witteberge in die agtergrond | FOTO'S: GLENN LEWINGTON

Rina du Plessis

Die Vrystaat is 'n goed bewaarde geheim, aangesien die meeste mense dit vereenselwig met 'n plat stuk aarde wat nie juis as toevlugsoord sal deug nie. Rondrits het 'n bietjie gaan inloer en afgekom op 'n juweel van 'n plekkie, Rosendal. Dié bekoorlike dorpie is in 'n vallei geleë en word omring deur die Witteberge wat deel vorm van die Drakensberge. Hier is ons getrakteer op kos, asemrowende natuurtonele, aangename mense en aan kultuur het dit nie ontbreek nie. Van plat aarde of platpote was daar geen sprake nie. Die Rosendallers is gekultiveerd en het 'n lewendige belangstelling in alles van politiek en polemiek tot kuns en teater. Die kos was iets om oor huis toe te skryf en 'n mens kon nie anders as om alle voornemens om min te eet oorboord te gooi nie.

Die dorpie in die Oos-Vrystaat spog met 'n splinternuwe hotel, die Rosendal Hotel. Die sandsteenhotel is ontwerp om beter by die omgewing in te skakel. Die hotel se 17 kamers is eintlik individuele huisies, elk met 'n eie stoep en private tuintjie. Die meeste kamers het kaggels en saans word die kaggelvure aangesteek, want dit kan nogal vinnig afkoel – veral as dit op die Malutiberge gesneeu het. Die paadjies na die hotel se gesellige stoep, kroeg en eetsaal kronkel tussen die mooiste tuine deur – die ene rose en struike.

Die hotel beskik verder oor 'n goed toegeruste spa waar jy jouself kan bederf met bykans enige behandeling. Ek kan die paraffien-pedikuur aanbeveel veral nadat jy die wêreld daar platgeloop het. Daar is ook twee konferensiesale vir korporatiewe of spanbougeleenthede. Wat dit heerlik maak, is dat outydse gasvryheid nog hier geld en dis asof jy die innemende mense al jare lank ken.

Die eienares van die hotel, Tracey, het Saterdagmiddag vir ons 'n piekniek gereël. Ons het deur plaashekke gery tot onder die berg en diep in die bos op stompe, waaroor komberse gegooi is, gaan uitspan. Die hotelpersoneel het die tafels begin dek met spierwit tafeldoeke en in 'n ommesientjie was daar 'n feesmaal gereed. Die tafels het gekreun van plaaslike kaas, kersies, droëwors, broodjies met vulsels tot nageregte en selfs koeksisters wat nog soos outydse koeksisters proe. Alles was keurig voorberei en van plastiek-eetgerei en papierservette was daar geen teken nie.

Ná die piekniek kon diegene wat skuldig gevoel het oor alles wat hulle verorber het, die berg verken en klim tot by 'n grot bo in die berg wat oor die hele Rosendal uitkyk. Daarna is ons haastig terug want die manne in die geselskap was nie bereid om die Curriebeker-eindstryd mis te loop nie. Ná die rugby was almal in 'n vrolike luim en het ons soos ou vriende om die etenstafel gekuier en weer eens weggelê aan die heerlikste kulinêre verleidings.

Die kamers in die Rosendal Hotel is stylvol ingerig

Saans kuier 'n mens rondom 'n gesellige kaggelvuur – selfs in die somer

Die dorpie self het net 50 inwoners, maar sowat van talent het jy nog nie belewe nie. Die kultuurhistoriese sandsteengeboue en kunsgalery is 'n belewenis en selfs die grondpaaie het name. Die winkeltjies is ook 'n besoek werd, want hier maak hulle nog hul eie handeroom en seep. Die teater, wat van tyd tot tyd produksies op die planke het, bied juis tydens die Kersiefees Die Rosendal Toneelfees van 19-21 November aan met dramas, rolprente en voorlesings. Meer inligting by: http://www.cherryfestival.co.za/Rosendal%20Teater.htm. Die Rosendallers het selfs hul eie *Rosendal Skinderblaadjie* wat op glansblad verskyn – van gehaltelewe kan ons hulle niks leer nie.

Die private stoep bied 'n lieflike uitsig oor die berge

Vir die avontuurlustiges is daar wonderlike natuurwandelpaadjies wat vir enige betonbewoner 'n bonus is en vir die ernstige stappers is daar die Mosamane-voetslaanpad van 10 km. 'n Ander voordeel van die Rosendal Hotel is dat dit naby Clarens en Ficksburg geleë is en dis mos een van die dae weer kersietyd. Dié Kersiestad se fees vier vanjaar sy 42ste herdenking (18-20 November) en dis maar net 'n anderhalf uur se ry van Rosendal af. Wanneer die gewoel en aktiwiteite van die fees jou begin onderkry, kan jy eenvoudig ontvlug na die hotel in Rosendal en rustig agteroor sit met 'n skemerdrankie terwyl jy oor die Witteberge tuur.

Ek self was nooit juis 'n kampvegter vir die Vrystaat nie en spot altyd goedig en sê: "Die beste ding omtrent die Vrystaat is om daaruit pad te gee." Ek moes behoorlik my woorde sluk, want om vir 'n naweek in die Oos-Vrystaat te kuier voel soos 'n vakansie. Jy vergeet van al die gejaag, geweld en lawaai van die stad. Aan die een kant is ek gretig om die hotel in Rosendal aan te beveel as jy wil ontvlug, maar aan die ander kant wil ek dié ongerepte, skilderagtige dorpie vir myself hou.